



# TJOKKIE



Uitgawe 6 | 2 | 2020

26 Junie 2020

*brokkies!*

## Uit die kantoor..

Na aanleiding van die gebeure rondom Covid-19 en hoe dit Tjokkies geraak het die afgelope week, wil ek u verseker dat die skool weer ten volle ontsmet is en weer gereed is om die Gr 7 - leerders en personeel Maandag terug te ontvang.

Die skool sal dus weer soos normaal funksioneer. Ons moet egter probeer om die skool so lank as moontlik oop te hou sodat leerders maksimaal onderrig kan ontvang. Daarom is dit steeds belangrik dat ouers saam met die skool moet werk. Vir die volgende weke en maande wat voorlê gee asseblief aandag aan sosiale distansiëring, die dra van 'n masker, verminder ook sosiale kuieraksies en vermy oorvol winkelsentrums. Volgens mediese kenners se aanbevelings is dit belangrik dat wanneer enige iemand in 'n familie siek is, of die moontlikheid bestaan dat iemand dalk siek kan wees, kinders as voorkomingsmaatreël, liewers tuis gehou moet word tot daar meer duidelikheid beskikbaar is. Kinders is asimptomaties, wat beteken dat hul nie sommer self simptome wys nie, maar dat hulle die siekte kan oordra. Neem verantwoordelikheid vir u gesinne se veiligheid en wees gerus in die wete dat ons by die skool dieselfde doen.

Ek wil u bemoedig met die skrifgedeelte uit Josua 1:9 “*Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.*”

Hierdie woorde het my moed gegee om weer die nuwe uitdagings van die lewe aan te pak.

## Terugkeer van volgende grade

Die skool maak gereed vir fase 2 van leerders wat terugkeer na die skool op Maandag, 6 Julie. Hierdie leerders se ouers sal in die loop van volgende week 'n brief met die nodige inligting ontvang wat die proses sal verduidelik. Terugvoer rakende die terugkeer van die Gr 4- en Gr 5- leerders sal ook binnekort gegee word. Hou dus u eposse en fone dop.

## Kaalvoetkafee

Die snoepie is reeds oop vir gebruik deur ons leerders tydens pouses. In die tyd wat die snoepie gesluit was, het van die produkte soos chips, grondboontjies en popcorn verby hul vervaldatum gegaan. Dit is alles droë bestanddeel produkte wat nog bruikbaar is. Dit word nou teen spesiaal verlaagde tariewe in groot maat verkoop. Indien u belangstel kontak gerus vir Mechelle Meyer op 060 986 2981.

*Baie dankie aan ons anker berge! Ondersteun hulle asseblief.*



### **Vloedligte**

Tjokkies het verlede jaar 20 groot vloedligte van Mangaung Krieket as geskenk ontvang. Ons kan dit egter nie self benut nie en daarom wil ons dit graag uitplaas op tender. Indien enige persoon belang stel, is u welkom om daarna te kom kyk. Reël asseblief vooraf en volg asseblief die veiligheidsprotokol van die skool. Tendervorms sal vanaf Maandag, 29 Junie, by ontvangs beskikbaar wees.

### **Klerebank**

Die klerebank sal ook weer vanaf volgende week oop wees.

Maandae: 7:30 - 9:00

Vrydae: 12:30 - 14:00

### **Woord van gelukwense**

Baie geluk aan Juf. Ursula Helberg en haar man met die geboorte van klein Joané op 9 Junie. (Liewer laat as nooit.)

Geluk aan die volgende personeel met hul verjaarsdae die week.

Juf. Sariana J v Vuuren (Gr. 3) - 26 Junie

Juf. Liezl Hiten (Jeugwerker) - 26 Junie

Juf. Deo-Marie de Vries (RO) - 1 Julie

Neels Gunter

Skoolhoof